

# knap!

KKNK Visuele Kunste 2004 met trots geborg deur Sasol



## lien botha feeskunstenaar 2004

Groot Inkleurboek: Safari

## feeskunstenars van die afgelope 9 jaar

'n Kykie na die kunstenaars wat oor die  
afgelope jare die KKNK gedefinieer het

## demokrasie & verandering

Kunstenars en ons  
tien jaar van demokrasie



## die beste visuele kunste van 2004

Van solo uitstallings tot  
vlytkunstenars wat die  
kunsweêreld op sy kop laat draai

## wie, wat, waar?

Die volledigste kunstegids vir al  
die kunstenaars en aanwysings  
na elke uitstalling

## wens jy was hier

Vier kunspokaarte  
om oor huis toe te skryf

# siemon allen

Siemon Allen is geïnteresseerd hoe die media verskillende vorms van kommunikasie en die vloei van inligting, persepsies kan bepaal en beïnvloed.

Sy werk van gevlegte video-bande op die Johannesburgse Biënnale van 1997 het groot indruk gemaak, en nou bied hy op die KKNK 'n klankwerk, getiteld **Marais/Brand**, wat verder insig bied in aspekte rondom kommunikasie. Hy bring egter ook 'n ander kwessie in die kollig – die rol wat Suid-Afrikaanse uitgewekenes op die wêreldverhoog kan vertolk. Allen se werk fokus op twee uiteenlopende Suid-Afrikanders, beide met 'n geskiedenis van uitgewekenesheid.

**Marais/Brand**, 2001, klankinstallasie, duur: 58min 25sek.



Die musiek van Abdullah Ebrahim (die opname African Piano) en 'n stem-opname van ene Laurentius Marais, 'n Amerikaner wat in alle waarskynlikheid 'n gebore Suid-Afrikander is, is saamgevoeg in 'n klankinstallasie van bykans 'n uur. Dit bied lig op die aktiwiteite van twee Suid-Afrikanders wat deel is, of was, van die diaspora, oftewel die menseverstrooing wat al vir eue deel van die Suid-Afrikaanse werklikheid is. Hulle verteenwoordig Suid-Afrikaanse uitgewekenes wat op uiteenlopende wyses met die wêreld kommunikeer en 'n invloed uitoefen op internasionale vlak – Ebrahim wat vir jare oorsee indruk gemaak het met sy musiek, en Marais, wat getuies gelever het in die Amerikaanse verkiesings-debakel in 2000.